Vir **Keur** Kersfees 2000
Deur C J de Swardt

1 Deel ASB met ons lesers jou wonderlikste Kersfees-ervaring – as kind en/of grootmens. En watter rol het (of steeds) speel Kersvader daarin?

…Ek het in my kinderjare
Vas geglo aan kersfeesvader
In werklikheid ry hy mos met 'n slee
Maar hier stap hy deur die mielies
Met 'n streepsak en 'n kierie
En my boetie vra boer hy by Clocolan?…

My man, Chris Torr, het die woorde van *Kyk hoe Glinster die Maan* geskryf na 'n kersvakansie wat ons by my suster en swaer in Oos-Londen deurgebring het. Dit was 'n besondere tyd in die kinders se lewens en ek onthou graag kersfees na aanleiding van tye van samesyn met ons kinders en wyer familie.

2 Hoe bring jy, jou gesin, vriende of geliefdes Kersdag deur?

Ons maak 'n lang tafel – gewoonlik buite onder die bome en almal bring iets saam, ons deel geskenke uit en konsentreer veral op die jongste kinders en die mees bejaardes in die familie.

3 Wat beteken Kersfees vir jou?

Dis 'n feestelike maar ook gewyde tyd van die jaar.

4 Wat is vir jou die mooiste Kerslied wat jyself sing of al gehoor het –

Stille Nag

5 en waarom?

Toe ek 'n kind was het ek in 'n kinderkoor gesing. Ons het altyd met kerstyd uitvoerings in kerke gelewer. Van my vroegste kerstydervarings na my vyfde jaar is assosiasies met die koor, waarin my broer en suster ook gesing het. Ek onthou hoe ons van die gallery van die Rondebosch NG Kerk af 'n kersuitvoering sou lewer. Die kersdiens was gewoonlik afgesluit met die sing van *Stille Nag*. Terwyl die gemeente die wysie gesing het, het ons, het my ouers gesê – soos engeltjies – *en masse* die deskant van daar bo af gesing.

6 Wat is jou Kersfeeswens vir jou, jou land, die wêreld en sy mense?

Dat mense vir mekaar moet uitkyk.